- Skadelike neue-effekte, soos besoedeling, word met die vervaardiging van ekonomiese goedere veroorsaak. Dit word nie van die nasionale inkome afgetrek nie.

- Die bestaan van die informele sektor – genereer 'n redelike groot bedrag geld, wat nie aangeteken word nie. (Skattings ingesluit)

(E) AKKURAAATHEID

- Die metode waarvolgens nasionale inkome bereken word is nie baie akkuraat nie.
- Nasionale inkome word tot die naaste miljoen rand bereken en klein foute en weglatings maak weinig verskil.
- Sakeondernemings hou presies rekord van al hul inkomstes en uitgawes, sodat hulle wins akkuraat bepaal kan word.
- Individue se inkomste kan nie met dieselfde mate van akkuraatheid bereken word nie, want baie persone verswyg sekere inkomstes en byvoordele se waarde is moeilik bepaalbaar.
- Nasionale inkome kan nie absoluut akkuraat beskou word nie – dit gee 'n globale aanduiding.

Noem 5 probleme : $5 \times (2) = (10)$
 Bespreek : $5 \times (8) = (40)$
 [50]

'n Maksimum van 5 punte moet afgetrek word indien die inleiding, inhoud en gevolgtrekking nie gestruktureerd is nie.

VRAAG 3

Bespreek die aanbod as een van die hoekstene vir die funksionering van die markstelsel

Inleiding – DEFINISIE

Dit is die hoeveelheid van 'n artikel wat produsente op 'n gegewe tydstop teen 'n gegewe prys te koop aanbied. (2)

ONDERSKEID TUSSEN AANBOD EN VOORRAAD

Aanbod : die hoeveelheid produkte wat op die mark te koop aangebied word.

Voorraad : produkte wat geproduseer is, maar geberg en nie verkoop word nie. (4)

AANBODTABEL EN AANBODKURWE EN DIE WET VAN ARBEID Maks = [10]

Verband tussen aanbod en prys

Aanbod affekteer en reageer op prysskommeling (2)

Die onmiddellike tydstop

Aanbod is beperk tot die hoeveelheid wat op die mark te koop is.

Prysveranderings affekteer baie selde onmiddellik die aanbod, omdat dit 'n ruk duur voordat aanbod by prysveranderings aanpas. (2)

Die korttermyn

Prysverhogings mag daartoe lei dat besighede hul uitset verhoog deur ekstra veranderlike faktore aan te wend bv. arbeid.

Vanweë die kort tydperk kan die vaste kapitaalbedrag nie maklik verhoog word nie, omdat dit die aankoop van meer masjienerie sal behels. (2)

Deur vaste kapitaal meer intensief aan te wend en deur ekstra werkers in diens te neem of in skofte of oortyd te werk kan produktiwiteit verhoog word. Indien die maatskappy alreeds teen maksimum kapasiteit werk, moet vaste kapitaal verhoog word.

Prysverlagings sal meebring dat minder goedere te koop aangebied word en dat die meeste besighede nie onder 'n vaste reserweprys verkoop nie.

Die lang termyn

Op die langeduur kan aanvraag ten volle by prysverhogings aanpas.
Bykomende vaste en veranderlike kapitaal kan bekom en aangewend word. (2)

Nuwe maatskappye kan by die bedryf aansluit.

Prysverhogings sal 'n verhoging in produksie en voorraad meebring.

Daarna, as pryse aansienlik daal (omdat aanbod die vraag oorskry) mag produsente weer uit die mark gedwing word omdat geen produksie onbeperk teen 'n verlies kan volhou nie.

Gevolgtlik, sal aanbod daal.

Aanbod beïnvloed prys deur pryse te laat daal as gevolg van 'n styging in aanbod, en omgekeerd.

Hoe hoër die prys, hoe groter die hoeveelheid produkte wat te koop aangebied word ten einde wins te maak.

Dus 'n positiewe korrelasie tussen prys en hoeveelheid aangebied – wet van aanbod. (4)


AANBODTABEL

Prys per eenheid	Hoeveelheid aangebied
2	1 000
3	1 500
4	2 000
5	2 500
6	3 000

(4)
Maks = [10]

AANBODKURWE

Die inligting in die tabel hierbo word soos volg grafies voorgestel :




(10)

Die aanbodkurwe styg van links na regs.
Die aanbodkurwe het 'n positiewe helling.

BEWEGINGS OP DIE AANBODKURWE


'n Prysverandering van die betrokke produk gee aanleiding tot 'n verskuiwing *OP* die aanbodkurwe.



(4)

BEWEGINGS VAN DIE AANBODKURWE

Indien enige ander faktor behalwe die prys verander (sien hieronder).



(6)

'n Verhoging in aanbod → aanbodkurwe beweeg na regs (A0 → A1).
'n Verlagings in aanbod → aanbodkurwe beweeg na links (A0 → A2).

FAKTORE WAT 'N BEWEGING VAN DIE AANBODKURWE VEROORSAAK

Veranderinge in produksietegnieke.

- Kan moontlik lei tot grootskaalse uitbreiding produksie teen laer koste per eenheid, met die gevolg dat die aanbod teen bestaande pryse verhoog kan word.
- Die aanbodkurwe verskuif na regs.

Toetrede van nuwe firmas tot 'n bedryf of 'n vergroting van die industrie.

- Lei tot 'n verhoogde uitset.
- Die aanbodkurwe verskuif na regs.

Veranderings in die koste van produksiefaktore.

- 'n Styging in die koste van produksie sal die aanbod verminder indien al die ander faktore konstant bly.
- Die aanbodkurwe verskuif na links.

Pryse van ander goedere

- 'n Styging in die prys van mededingende goedere maak hul aanbod winsgewender in verhouding tot goedere waarvan die prys konstant gebly het.
- Die aanbod van goedere teen konstante pryse, sal daal omdat hulpbronne weggeleë word na dié nywerhede wat duurder goedere produseer (vervaardig).
- Die aanbodkurwe verskuif na links.

Staatsbeleid – belasting

- Wanneer 'n belasting op 'n produk gehef word, sal die produsent die belasting op die verbruiker afwentel.
- Dit lei na 'n daling in aanbod en die aanbodkurwe verskuif na links.
- EN
- 'n Subsidie stel die produsent in staat om sy aanbod teen bestaande pryse te verhoog.
- Die aanbodkurwe verskuif na regs.

Natuurlike faktore soos vloede, droogtes, plaë, aardbewings, ens.

- Veral in die geval van landbouprodukte kan dit die aanbod verlaag.
- Die aanbodkurwe verskuif na links.

$6 \times (2 + 2) = (24)$
[50]

'n Maksimum van 5 punte moet afgetrek word, indien die inhoud en gevolgtrekking nie gestruktureerd is nie.

VRAAG 4

Bespreek die betalingsbalans (BoP)

- 'n Aangepaste betalingsbalansrekening word sedert 1999 deur die SARB gepubliseer.
- Hierdie veranderinge is nodig geag na aanbevelings deur die IMF.
- Die IMF poog om begrippe te standaardiseer om die vergelyking van betalingsbalansrekeninge (BoP) te vergemaklik.
- Die BoP bestaan uit vier rekeninge:

(1)	Die lopende rekening
(2)	Die kapitaaloordragrekening
(3)	Die finansiële rekening
(4)	Die reserwerekening

Maks = [4]

DEFINISIE

- Die betalingsbalans is 'n sistematiese rekord (rekenkundige opsomming) van alle transaksies van een land met die res van die wêreld.

(1) LOPENDE REKENING

- **Goedere : (2)**
 - Transaksies m.b.t. beweegbare goedere wat van eienaarskap verander tussen SA.-inwoners en nie – inwoners.
 - Die handelsbalans dui die verskil aan tussen goedere uitgevoer en goedere ingevoer.
- **Dienste : (2)**
 - Sluit transaksies in soos

- vervoerdienste	- professionele dienste
- reisdienste	- ontspanningsdienste
- finansiële versekering	- regeringsdienste (staatsdienste)
 - Die diensterekening toon gewoonlik 'n tekort omdat meer vir dienste betaal word as ontvang word.
- **Lopende oordragte (2)**
 - Betalings vanaf inwoners aan nie-inwoners en omgekeerd.
 - Geen teenprestasie word gelewer nie.
 - Geskenke, maatskaplike voordele, ens.
 - Word as netto-oordragte aangetoon, wat positief (+) of negatief (–) kan wees.
 - Positief impliseer 'n invloei en negatief 'n uitvloei van geld.
- **Netto Goud uitgevoer (2)**
 - Goedere uitvoer, maar word as 'n aparte inskrywing getoon as gevolg van sy belangrikheid.
 - Slegs die verskil tussen geld wat die land invloei en wat die land verlaat, word getoon en daarom word die begrip "netto" gebruik.
 - Netto gouduitvoere bestaan uit twee elemente :
 - (A) Buitelandse handelselement
 - Verskil tussen gouduitvoere en goudinvoere.
 - SA is die grootste goudprodusent en is dus 'n netto uitvoerder van goud.
 - (B) Reserwes
 - **Onstaan a.g.v toenames en afnames in goudbesit van die SARB en Suid-Afrikaanse banke.**
 - Indien goud van die myne gekoop word neem besit toe [positiewe inskrywing].
 - Indien goud verkoop word, neem besit af. [negatiewe inskrywing].
- **Inkome (2)**
 - **Verwys na inkome wat deur inwoners van Suid-Afrika van nie-inwoners ontvang word, en omgekeerd.**
 - Bestaan uit TWEE komponente :
 - Vergoeding van werknemers (salarisse + lone + voordele)
 - Beleggingsinkome (inkomste verdien uit finansiële kapitaal)
 - Finansiële kapitaal bestaan uit :
 - **Geld direk belê in bankdeposito's, lenings en ondernemings.**
 - Geld belê in aandele, effekte en eenheidstrusts staan bekend as portefeuljebeleggings.

Beperkings = (2) elk

(2) KAPITAALOORDRAGREKENING

- Die saldo's is netto bedrae.
- Dus word die geld wat invloei afgespeel teen die geld wat uitvloei en slegs die balans word getoon.
- Die saldo's is dus of positief (+) of negatief (-).
- Sluit in :
 - Transaksies en skenkings m.b.t die eienaarskap van vaste bates
 - Skuldafskrywings
 - Waarde van persoonlike en huishoudelike goedere en finansiële bates en laste van migrante.

(3) FINANSIËLE REKENING

- **Bestaan uit :**
 - Transaksies i.v.m reële bates en laste, bv. aankoop van buitelandse besighede deur Suid-Afrikaners of verkoop van Suid-Afrikaanse besighede aan buitelanders.
 - Transaksies i.v.m finansiële bates en laste, bv. aandele, effekte en eenheidstrusts.
- **Transaksies word verdeel in drie kategorieë :**
 - Direkte beleggings: Beleggings in buitelandse ondernemings om 'n betekenisvolle aandeel te verkry EN beleggings in vaste eiendom.
 - Portefeulje beleggings: Beleggings in aandele en effekte op beurse, wat nie deel is van direkte beleggings nie.
 - Ander beleggings: 'n residuele (oorblywende) kategorie vir transaksies wat nie onder bg. geklassifiseer kan word nie. Bestaan uit handelskrediete en lenings.
- **Onaangetekende transaksies :**
 - 'n Inskrywing wat foute en weglatings opvang.

(4) RESERWEREKENING

- **Suid-Afrika se buitelandse reserwes sluit in:**
 - Goud
 - Spesiale Trekkingsregte (STRe)
 - Reserweposisie ("tranches") by die IMF
 - Buitelandse valuta
- D.i. likiede bates tot die beskikking van die monetêre owerhede om onewewigtighede in die BoP te finansier.
- Reserwes word nie in die BoP getoon nie, want dit doen verslag van vloei en nie van voorrade nie.
- Slegs veranderinge in goud- en buitelandse valutareserwes word aangetoon.
- Veranderinge word deur BoP-transaksies veroorsaak.
- Die BoP moet balanseer en die reserwerekening sluit dit af.

- **Spesiale trekkingsregte:** Word deur die IMF as 'n internasionale betaalmiddel aan lede van die fonds uitgereik en maak dus deel uit van die land se buitelandse reserwes.

(Indien 'n tabel gee kan
slegs die helfte van die
punte kry)

Inleiding : (4)
Definisie : (2)
Lopende rekening : maks.(20)
Kapitaaloordragrek. : maks (10)
Finansiële rekening : maks (10)
Reserwerekening : maks (10)

'n Maksimum van 5 punte moet afgetrek word, indien die inhoud en gevolgtrekking nie gestruktureerd is nie.

[50]

VRAAG 5

Bespreek die ekonomiese beleid van die regering volledig en verwys ook in jou antwoord na Gear.

GEAR

- GEAR is die makro-ekonomiese beleid van die regering, (soos voorgelê deur die Minister van Finansies, Trevor Manuel, op 14 Junie 1996.) } 2
- GEAR is die S.A-regering se strategie vir ekonomiese groei en ontwikkeling.
- Waarvoor staan GEAR?

G	:	Growth (ekonomiese groei)	
E	:	Employment (indiensname) (4)	
A	:	and (en)	Max [6]
R	:	Redistribution (herverdeling van inkome)	

DEFINISIE : EKONOMIESE BELEID

Die doelbewuste inwerking deur die staat in die werking van die ekonomie (2) om dit gedeeltelik of algeheel te verbeter (2). As gevolg daarvan, kan die algemene lewenstandaard verbeter.
= (4)

Ekonomiese beleid behels die volgende drie beginsels :

- # Verbetering van lewenstandaard van die hele bevolking moet verbeter.
- # Verbetering van die werking van die ekonomie deur
 - aard van mededinging te verhoog.
 - die staat wat die produksie van goedere en dienste onderneem wat nie deur die markmeganisme verskaf word nie.
 - die uitskakeling van eksterne invloede en sosiale koste soos besoedeling.
- # Implementering van metodes wat die ekonomie ten goede sal beïnvloed.

DOELSTELLINGS VAN EKONOMIESE BELEID

- # **Ekonomiese groei (2)**
 - Een van die doelwitte van GEAR is 'n ekonomiese groeikoers van 6% per jaar, veral deur middel van meer uitvoere deur die nie-goudsektor en investering.
 - 'n Belangrike mikpunt sal wees om so min fiskale bronne as moontlik te onttrek en soveel as moontlik in die ekonomie vry te stel.
 - Belastingverligting sal verbruik en produksie stimuleer.
 - Privatisering van die openbare sektore kan ook produksie stimuleer.

(2)1+(2)

Volle indiensneming (2)

- 'n Doelstelling van GEAR is 'n mededingende en snelgroeiende ekonomie wat genoeg werksgeleenthede vir alle werksoekers skep.
- 400 000 nuwe werksgeleenthede per jaar is 'n mikpunt van GEAR.
- Bevordering van werkskeppingsbedrywe (subsidies en belastingtoegewings)
- Verhoogde verbruik
- Industriële ontwikkelingsbeleid: (2) + (2)
 - (a) Korridors
 - (b) IDS

Prysstabiliteit (2)

- Staat kan bv. poog om totale vraag in te kort maar dit kan 'n negatiewe uitwerking op produksie en indiensname hê.
- Inflasiemikpunte (2) + (2)

Betalingsbalansewewig (2) + (2)

- Bv. aanpassings van binnelandse pryse, wisselkoerse en in- en uitvoere. (2)

• **ANDER DOELSTELLINGS VAN GEAR**

- # 'n Herverdeling van inkome en gunstige geleenthede vir die armes, veral deur middel van die begroting. (2)
 - # 'n Gemeenskap waarin gesondheid, onderwys en ander dienste vir almal beskikbaar is. (2)
 - # 'n Omgewing waarin huise veilig en werksplekke produktief is. (2)
- Hierdie doelstellings is grondliggend aan die HOP.

Mak = [30]

• **UITVOERING VAN EKONOMIESE POLITIEK**# **Monetêre beleid (2)**

- Beheer van kontantvloei en krediet
- Die SARB het die volgende middele tot sy beskikking: (2)
 - >Verandering van die amptelike bankkoers
 - >Opemarktransaksies (koop en verkoop van staatseffekte)
 - >Veranderings in die kontantreserwes en likiede batereserwes van handelsbanke
 - >Beïnvloeding van rentekoerspatrone in die praktyk
 - >Morele oorrëding

Staatsfinansiële beleid (2)

- Die manipulasie van belastingstrukture soos volg:
 - >Bevordering van nywerheidsontwikkeling deur middel van tariefbeskerming (2)
 - >Bevordering van private ondernemings deur middel van belastingkonsessies
 - >Inkorting van staatsuitgawes
 - >Bevordering van uitvoer deur middel van subsidies
 - >Bevordering van nywerheidsdesentralisasie
 - >Bestendige ekonomiese groei en die bekamping van inflasie
 - >Vermindering van staatskuld
 - >Vermindering van die belastingdruk op individue

Buitelandse handelsbeleid (2)

- Word toegespits op: (2)

>Die bevordering van uitvoere d.m.v handelsooreenkomste, handelsverteenwoordiging en advies.

>Uitvoeraansporingsmaatreëls aan bona fide uitvoerders Maks = [10]

'n Maksimum van 5 punte moet afgetrek word, indien die inleiding, inhoud en gevolgtrekking nie gestruktureerd is nie.

Enige 25 x (2) = [50]

AFDELING C**VRAAG 6****NASIONALE INKOME****6.1 Tabel**

6.1.1 1995 is die basisjaar en 2000 se pryse word dus i.t.v 1995 se geldwaarde uitgedruk. (3)

6.1.2 R20 598 miljoen (3)

6.1.3
$$\frac{\text{Bydrae in geldwaarde: primêre sektor (2000)}}{\text{Totale ekonomiese aktiwiteit (2000)}} \times \frac{100}{1}$$

$$= \frac{\text{R58 075m}}{\text{R566 119m}} \times \frac{100}{1} \quad (2) \quad \text{Maks. indien antwoord}$$

$$= \underline{10,26\%} \quad (4)$$

= [10]

6.2 Dui aan hoe die bruto waarde toegevoeg teen faktorkoste en die bruto binnelandse produk toegevoeg teen markpryse bereken word.

Vergoeding van werknemers (2)

Netto bedryfsurplus (2)

Verbruik van vaste kapitaal (2)

Bruto waarde toegevoeg teen faktorkoste

Ander belasting op produksie

min Ander subsidies op produksie (2)

Bruto waarde toegevoeg teen basiese pryse (2)

Belasting op produkte

min Subsidies op produkte (2)

Bruto binnelandse produk teen markpryse = [12]**6.3** Verduidelik die DRIE gebruike van nasionale inkomesyfers.> Dui ekonomiese groei aan (2)

- Dui aan hoe die ekonomie presteer – indien daar van een jaar na 'n volgende meer geproduseer word, het die ekonomie gegroei. (4)

> Vergelyking van welvaartspeile (2)

- Die welvaartspeil van mense tussen lande en tussen groepe binne 'n land kan vergelyk word. (2)

- Indien reële nasionale inkome per capita oor tyd toeneem, word 'n land meer welvarend. (2)
- Relatiewe belangrikheid van verskillende sektore (2)
Dui aan hoe die relatiewe belangrikheid van die verskillende sektore oor tyd verander. (2)
- Dui dus struktuurveranderinge in die ekonomie aan. (2) = [18]

6.4 WAAR of ONWAAR

- 6.4.1 Onwaar (2)
- 6.4.2 Waar (2)
- 6.4.3 Onwaar (2)
- 6.4.4 Onwaar (2)
- 6.4.5 Waar (2)

$$5 \times (2) = [10]$$

[50]

VRAAG 7 PRYSVORMING

7.1 WAAR of ONWAAR

- 7.1.1 Waar
- 7.1.2 Waar
- 7.1.3 Onwaar
- 7.1.4 Waar
- 7.1.5 Onwaar

$$5 \times 2 = [10]$$

7.2 Noem en bespreek VYF oorsake vir 'n verandering van vraag.

- Veranderings in smake en gewoontes (verbruikersvoorkeure)
 - Advertensies kan veroorsaak dat 'n verandering plaasvind.
 - Wanneer 'n produk uit die mode raak, daal die vraag daarna.
 - 'n Styging in lewenstandaarde lei na 'n verandering in smake en gewoontes.
- Veranderinge in reële inkomste
 - Reële inkomste bepaal hoeveel goedere en dienste 'n verbruiker kan koop.
 - 'n Verhoging in reële inkomste beteken meer goedere en dienste kan gekoop word.
- Substitusiegoedere (en pryse van ander goedere)
 - Mededingende goedere kompeteer teen mekaar vir 'n deel van die mark.
 - Komplementêre goedere: 'n daling in die prys van motors sal die vraag na petroleumprodukte laat styg.
 - Die uitvinding van nuwe goedere in dieselfde prysklas as bestaande goedere, sal die vraag na bestaande goedere laat afneem.
- Verandering in die ekonomiese klimaat
 - Die privaatsektor se vraag na produksiefaktore hang af van toekomstige sakevooruitsigte.
 - 'n Algemene oplewing sal die vraag na bv. nuwe masjiene laat toeneem.
 - 'n Verwagte styging in grondstofpryse sal die vraag daarna stimuleer.
- Veranderings in die geldvoorraad in omloop en die verspreiding van inkomste
 - 'n Verandering in die geldvoorraad in omloop sal die vraag na alle goedere raak.
 - 'n Ongelyke verdeling van inkomste mag verminder word deur die rykes swaarder te belas, voedsel te subsidieer en gratis maatskaplike dienste aan die armes te bied.

➤ Die heffing van verkoopsbelasting op 'n wye reeks goedere

- Belasting word gehef om die ongelykheid van inkomste te versag, of om die vraag na 'n produk te verlaag.
- Tabak en alkoholiese drankie word swaar belas.

➤ Verandering in bevolkingsomvang

- 'n Toename in die totale bevolking sal lei tot 'n styging in die vraag.
- Grootskaalse immigrasie sal 'n verandering in die vraag na sekere goedere meebring.
- 'n Hoër persentasie ouer mense/kinders sal 'n verhoging veroorsaak in die vraag na produkte wat ouer mense/kinders wil hê.

5 x (2+1) = [15]
Opskrif = (1)

7.3 Pryselastisiteit – tabel

7.3.1 Bereken en identifiseer die soort elastisiteit.

Berekening van pryselastisiteit: (1)

$$\% \text{ Verandering in die hoeveelheid gevra} = \frac{20}{300} \times \frac{100}{1} = 6,7\%$$

$$\% \text{ Verandering in die prys} = \frac{5}{50} \times \frac{100}{1} = 10\%$$

$$\frac{\% \text{ Verandering in hoeveelheid gevra}}{\% \text{ Verandering in die prys}} \quad (1)$$

$$\frac{6,7\%}{10\%} \quad (2)$$

$$= \frac{6,7}{10}$$


$$= 0,67 \quad (1)$$

$$= \underline{0,67} \quad (2) \quad 4 \text{ vir slegs korrekte antwoord.}$$

Soort elastisiteit:

Relatief onelasties (2)

7.3.2 Teken die grafiek.



(4)

7.4 Bespreek VYF redes vir die bestaan van onvolmaakte markte.

➤ Natuurlike redes

- 'n Onderneming kan toonaangewend in sy veld wees op grond van sy alleenbesit van 'n skaars hulpbron.
- Die samewerking tussen die olieproduserende lande (OPUL).

➤ Wetlike redes

- Vrye mededinging kan wetlik deur die owerheid beperk word.
- Bv. 'n patent of kopiereg.
- 'n Onderneming kan die eksklusiewe reg van die staat ontvang om sy produk in 'n bepaalde gebied te bemark.
- Die owerheid kan self ondernemings onder wetlike beskerming stig, bv. die SABC.
- Lisensiëring beperk toetrede tot sekere beroepe.

➤ Ruimtelike redes

- 'n Gunstige perseel kan 'n firma in staat stel om plaaslike klante beter te bedien.
- 'n Plaaslike firma geniet voordele bo 'n ander verder weg van 'n mark.
- 'n Hotel naby 'n gewilde toeriste-aantreklikheid met 'n goeie naam mag kompetisie ontmoedig.

➤ Tegnologiese redes

- Indien 'n firma bv. 'n proses ontwikkel om 'n produk goedkoper en beter te produseer, sal hy 'n monopolie geniet totdat sy mededingers 'n soortgelyke proses ontwikkel.
- Navorsing en ontwikkeling lei na nuwe produkte, waardeur groot besighede 'n groter marktaandeel bekom, wat mededinging uitskakel.

➤ Ekonomiese redes

- Groot kapitaaluitleg
- Relatief klein mark
- Gewilde en gevestigde handelsmerk steun 'n sekere produk
- Mededinging versteur deur ekonomiese drukgroepe

Opskrif
 $5 \times (1+2) = 15$
[50]

VRAAG 8 EKONOMIESE ONTWIKKELING

8.1 Aanhaling

8.1.1 Meer werkseleenthede is beskikbaar en die BBP per capita is hoër. (3)

8.1.2 2,5% vir elke jaar OF gemiddeld 2,5% (3) Kan slegs % gee

8.1.3 dalend (1)

8.1.4 Suid-Afrikaners het onder kruipende armoede gebuk gegaan. (3)

= [10]

8.2 Streeksontwikkelingsbeleid

8.2.1 Wat is die doelwitte van die Ruimtelike Ontwikkelings Inisiatief (ROI)?

- Ekonomiese groei en ontwikkeling in onderontwikkelde streke volgens die potensiaal van elke streek
- Die skepping van werkseleenthede vir die bevolking, plaaslik en in dié algemeen.
- Meer private investering in die streke.
- Die benutting van die geleenthede wat ontstaan a.g.v. investering deur private EN openbare vennootskappe.

$4 \times (2) = (8)$

8.2.2 Wat is die mees gewenste soort investering benodig in Suid-Afrika se korridors?

Regstreekse buitelandse investering (RBI) (2)

8.3 Bespreek VYF redes waarom die informele sektor 'n belangrike rol in die ekonomie speel.

- Werkverskaffing
 - Persone wat hul werk in die formele sektor verloor, kan hul inkomste aanvul in die informele sektor.
- Bydrae tot die BBP
 - Skattings wissel van 10% tot 40%. (Die SARB voeg 7% by.)
- Aanvullende inkomstebron
 - Kan uit armoedekringloop breek en ontkom aan swak sosio-ekonomiese toestande.
- Skolingsproses
 - Doen ondervinding op wat later in die formele sektor gebruik kan word.
- Toeganklikheid
 - Min kapitaal word benodig.
 - Wetlike beperkinge is afgeskaf.
- Ondersteunende dienste
 - Vir die formele sektor, bv. verkooppunte by taxistaanplekke.
- Groter mededinging
 - Kan lei na laer pryse.
- Beperkte potensiaal
 - Die informele sektor gebruik strukture wat deur die owerheid daargestel is, maar dra nie finansieël daartoe by nie.
 - Verhoog besoedeling.

Enige 5 x (4) = [20]

8.4 WAAR of ONWAAR

- 8.4.1 Onwaar
- 8.4.2 Waar
- 8.4.3 Onwaar
- 8.4.4 Onwaar
- 8.4.5 Onwaar

5 x (2) = [10]
[50]

VRAAG 9

INTERNASIONALE HANDEL

9.1 Tabel

9.1.1 Gee 'n definisie van wisselkoerse.

Die prys van die geldeenheid van een land in terme van die prys van die geldeenheid van 'n ander land. (3)

9.1.2 Hoeveel sou £100 in terme van die rand gekos het in 2000?

GBP-R (2000) = f1 = R10, 52 (2)

Dus R100 x 10.52 = R1052 (2) of net 1052 (m.a.w. sonder R-teken)

9.1.3 In watter jaar was die rand (RSA) die sterkste teenoor die Japanese geldeenheid?
1997 (3)

9.2 Vyf redes vir internasionale handel

- (i) **Natuurlike hulpbronne oneweredig versprei**
Sommige lande het 'n oorfloed van sekere natuurlike hulpbronne en kan dit na ander lande uitvoer.
Deur hierdie goedere uit te voer (bv. Suid-Afrika se minerale) kan die land groot bedrae aan buitelandse valuta verdien.
Die buitelandse valuta word gebruik om vir invoergoedere en dienste (bv. olie in Suid-Afrika) te betaal wat die binnelandse ekonomie nie kan lewer nie.
Lande raak wederyds van mekaar afhanklik vanweë die oneweredige verspreiding van natuurlike hulpbronne
Handel tussen lande kan hul welvaart, groei en lewenstandaard verhoog.
- (ii) **Klimaatstoestande verskil**
Sekere produkte kan slegs in sekere reënvalgebiede gekweek word.
Suid-Afrika sal nooit 'n groot landbouprodusent kan wees nie, vanweë die ongereelde reënval.
Suid-Afrika hoef egter min landbouprodukte van ander lande in te voer om aan sy behoeftes te voldoen.
Indien plaaslike produksie nie in staat is om aan die behoefte te voldoen nie, vanweë tekorte wat deur droogtes veroorsaak is, moet daardie landbouprodukte ingevoer word.
- (iii) **Arbeidstalente en tegnologiese ontwikkeling verskil tussen lande.**
Sommige lande het beter opgeleide werkers en meer gevorderde tegnologie as ander.
Die produktiwiteit van hierdie lande is dus hoër en die produksiekoste laer.
Hierdie lande bou 'n goeie reputasie op deur in die produksie van 'n spesifieke produk te spesialiseer, bv. Suid-Afrika en wapentoerusting.
Baie ontwikkelende lande voer grondstowwe in 'n onverwerkte vorm uit, omdat hulle nie oor die tegnologie beskik om dit te verwerk nie.
Die verwerkte goedere word dan weer teen hoër koste ingevoer.
- (iv) **Effektiewe behoeftes**
Die behoeftes van individue, groepe en lande verskil aansienlik.
Smaak speel dikwels 'n rol in die vraag na buitelandse goedere.
Kontak tussen lande in die vorm van toerisme, immigrasie, handelskommissies en uitstallings stimuleer mense se gedagtes en skep 'n behoefte aan nuwe goedere.
- (v) **Inkomste**
'n Styging in inkomste lei tot 'n toename in die vraag na plaaslike en internasionale goedere en dienste.
Deesdae reis mense meer en word hul horisonne verbreed en hul behoeftes uitgebrei.
- (vi) **Gevestigde nywerhede in hoogs ontwikkelde lande**
Hulle het 'n produksievoordeel bo nywerhede in ontwikkelende lande omdat hulle tegnologieë meer gevorderd is.

Dit is 'n wêreldwye patroon – nywerheidsgoedere word deur hoogs ontwikkelde lande geproduseer en grondstowwe en halfverwerkte goedere van ontwikkelende lande ingevoer.

Alle lande trek voordeel uit ekonomiese vooruitgang elders. Dit, saam met die verspreiding van tegniese kennis, is 'n kragtige stimulus.

- (vii) **Massaproduksie gekoppel met laer eenheidskoste**
 Dit bied 'n voordeel aan sekere lande ten opsigte van spesifieke goedere as gevolg van spesialisasie, arbeidsverdeling en meganisasie.
 Die surplus (ekstras) wat in 'n land geproduseer word en wat nie deur die plaaslike mark geabsorbeer kan word nie, moet 'n afset kry. Dit word gewoonlik op die internasionale mark gevind.
 Handelsafvaardigings, handelsuitstallings en reklameveldtogte stel hierdie goedere aan internasionale markte bekend.
- (viii) **Kapitaal mag beperk wees (2)**
 Vanweë lae besparingsvlakke en in sommige gevalle sanksies, is sommige lande nie in staat om genoeg kapitaal op te bou vir grootskaalse nywerheidsuitbreiding nie. (1)
 Grondstowwe word dan na ander lande uitgevoer om verwerk te word. (1)
- (ix) **Die ontwikkeling van moderne kommunikasie en vervoer**
 Lande bou 'n hegte verhouding op wat tyd en ekonomiese ontwikkeling betref.
 Sellulêre telefone en mikrogolf-intersatellietverbindinge beteken dat sakelui bykans enige plek ter wêreld met mekaar kan kontak maak.
 Kommunikasieverbindinge skep dikwels nuwe behoeftes by die mense van ander lande.
 Internasionale handel is dus nodig om aan daardie behoeftes te voldoen.
 Die ontwikkeling van vervoer maak dit moontlik om bederfbare produkte van een land na die ander, met behulp van verkoelingsfasiliteite te vervoer.
- (x) **Internasionale migrasie**
 Dit help om bande tussen lande te vestig.
 Immigrante bring vreemde goedere met hulle saam en vra verskaffers om daardie artikels uit hul lande van herkoms in te voer.
 Immigrante het steeds 'n begeerte na goedere uit hul geboorteland en skep dus 'n nuwe vraag na hierdie goedere 'n hulle nuwe tuiste.
- (xi) **Kosteverskille**
 Handelaars is geneig om op die goedkoopste mark te koop en op die duurste mark te verkoop.
 Die teorie van vergelykende koste word hier toegepas. 5 x (1+2) = 15

9.3 Invoerbelasting is 'n vorm van beskerming deurdat dit die pryse van ingevoerde goedere verhoog. Bespreek kortliks DRIE ander vorme van beskerming.

- **Uitvoersubsidies** (1)
- Finansiële hulp word deur die staat gegee om sekere uitvoerindustrië te bevorder deur hul koste te verlaag. (2)
 - Verlaag die uitvoerprys van goedere en maak dit baie mededingend op buitelandse markte. (2)
- Maks (5)**

- Invoerkwotas (1)
 - Die regering laat slegs 'n sekere hoeveelheid (kwota) van 'n bepaalde produk of diens toe om gedurende 'n spesifieke tydperk ingevoer te word. (2)
 - Invoerpermitte word ook dikwels gebruik. (2)
- Invoerbepelkings (beheer) (1)
 - Die strengste vorm van beskerming, (2) bv. sanksies, boikotte, ens. (2)
 - Sluit die uitreiking van invoerpermitte of die rantsoenering van buitelandse valuta in. (2)
 - Sommige produkte mag glad nie ingevoer word nie, bv. skadelike produkte soos dwelms. (2)
- Invoerdeposito's (1)
 - 'n Verpligte vorm van beskerming. (2)
 - Die bedrag van die deposito is gelyk aan 'n vaste persentasie van (2) die waarde van die ingevoerde goedere, en dit moet binne 'n vasgestelde tydperk aan die monetêre owerhede inbetaal word. (2+2+1)

Enige 3 x (1+2+2) = [15]
Opskrif = (2)

9.4 Waar of Vals

9.4.1 Waar

9.4.2 Onwaar

9.4.3 Waar

9.4.4 Waar

9.4.5 Waar

5 x (2) = (10)
[50]

VRAAG 10 DIE STAAT

10.1 Belastingkale

10.1.1 Progressiewe belastingstelsel. (3) Direkte belasting, LBS, Inkomstebelasting of 2 vir berekening

10.1.2 $R11\ 260 + (32\% \text{ van } R15\ 000) = R11\ 260 + R4\ 800 = \underline{R16\ 060}$ (4)

10.1.3 Ja. (1)

- Versprei die belastinglas (-druk) gelyk op persoonlike inkomste word verkry.
- Dit bevorder maatskaplike welsyn en verlig uiterste ongelykhede in inkomste.
- Ryker mense word verantwoordelik gehou vir die welvaart van die laerinkomstegroepe. 1 x (2) = 2 [Enige een!]

10.2 Bespreek DRIE doelstellings met die verkoop van sekere funksies, bedrywighede of eiendom deur die openbare sektor aan die privaatsektor.

- Privaatondernemings kan meer vrylik meeding op markte (bevorder markstelsel).
 - Belastingdruk sal verlaag word, wat produktiwiteit bevorder.
 - Staatsbesteding en staatskuld sal verminder.
 - Werk die verdringing van die privaatsektor deur die owerheidsektor in kapitaalmarkte teë. Stimuleer groei van die privaatsektor
 - Verbreding van die belastinguitgawes
 - Verkrying van fondse vir staatsuitgawes
 - Verhoog die privaatsektor se aandeel in die ekonomie.
- Enige 3 x (4) = [12]

10.3 Die hoofbron van inkomste vir die staat is belasting. Bespreek DRIE ander vorme van staatsinkomste

- Lenings
 - Wanneer groot bedrae geld benodig word wat nie uit lopende inkomste gefinansier kan word nie, bv. oorlog.
 - Plaas land onder verpligting om die lening plus rente terug te betaal.
 - Skenkings
 - Bedrae vrywillig bygedra deur private persone of liggame.
 - Skenkers kry geen direkte voordeel daaruit nie.
 - Totale bydrae is gering.
 - Administratiewe inkomste
 - Staat lewer administratiewe dienste waarvoor die persone aan wie die diens gelewer word, moet betaal.
 - Bv. lisensies, permitte, boetes, rente, verbeurdverklaring van bates wat verval omdat daar nie wettige erfgename is nie.
 - Kommersiële inkomste
 - Inkomste ontvang deur die staat vir goedere en dienste gelewer/geproduseer.
 - Bv. kantoor-en hofgelde.
 - Staatseiendom
 - Inkomste uit die mynbedryf, staatsdelwerye, inkomste uit bosse, huurgeld van regeringseiendom, invordering van voorskotte, ens.
 - Verkoop van bates bv. privatisering
 - Oordragbetalings – ontwikkelingshulp ontvang van internas. organisasies bv. VN.
- $3 \times (2 + (2 \times 2)) = [18]$

10.4 WAAR of ONWAAR

- | | |
|---------------|-----|
| 10.4.1 Waar | (2) |
| 10.4.2 Waar | (2) |
| 10.4.3 Onwaar | (2) |
| 10.4.4 Onwaar | (2) |
| 10.4.5 Waar | (2) |

$5 \times 2 = [10]$
[50]

VRAAG 11

BELANGRIKE EKONOMIESE ONDERWERPE

11.1 ARBEIDSVERHOUDINGE

11.1.1 WAAR of ONWAAR

- | | | |
|----------|--------|-----|
| 11.1.1.1 | Onwaar | (2) |
| 11.1.1.2 | Waar | (2) |
| 11.1.1.3 | Waar | (2) |

$3 \times 2 = [6]$

11.1.2

11.1.2.1

Verduidelik die term arbeidsaanbod.

Die aantal mense wat hul arbeid teen vergoeding op die arbeidsmark aanbied.

Die aanbod van arbeid word geassosieer met daardie deel van die ekonomiese bedrywige bevolking wat in staat en gewillig is om te werk.

(3)

11.1.2.2 Gee DRIE faktore wat beskou kan word as deel van die arbeidsvraagstuk.

- Totale bevolking
 - Vigs sal 'n groot invloed hê op SA arbeidsaanbod.
- Bevolkingsgroeikoers
 - Die bevolkingsgroeikoers is 2.6% per jaar, wat impliseer dat die aanbod van arbeid die vraag na arbeid oorskry.
- Werkure
 - Die aantal werkure wat 'n werker normaalweg bereid sou wees om te werk, sal toeneem namate lone toeneem, maar egter net tot 'n sekere punt.
- Migrasie
 - SA benodig nog steeds hooggeskoolde immigrante wat meer werkseleenthede kan skep.
 - Immigrante verhoog die aanbod van arbeid, terwyl emigrante dit verlaag.
- Vaardigheidsvlak
 - SA het 'n tekort aan hooggeskoolde werkers en 'n ooraanbod van laaggeskooldes werkers.
 - Die vaardigheidsvlak is 'n aanbodvraagstuk wat voortdurend aandag moet geniet.
- Arbeidsmagdeelnemers
 - Verwys na die persentasie van die bevolking van 'n werkende ouderdom wat hul dienste teen vergoeding op die arbeidsmark aanbied.
 - In SA is die deelname van jonger mense (a.g.v onderwys en opleiding) en ouer mense (a.g.v afdankings, vroeë pensioen) dramaties aan die afneem.
 - Die deelnamekoers vir mans het 'n dalende neiging, en dié van vroue 'n stygende neiging.

Enige 4 x (2+1) = [12]

11.1.3 Gee TWEE funksies van vakbonde.

- Om namens sy lede met werkgewers oor eersgenoemde se belange te onderhandel.
- Om loonverhogings te beding.
- Om pensioenskemas ingestel te kry en dit te verbeter.
- Om mediese bystandskemas te verkry.
- Om oor beter werkstoestande, bv. rustye, gereedskap en veiligheid te onderhandel.
- Om gunstige oortydkoerse, betaalde vakansiedae, verlof en siekteverlof te verkry.
- Om te sorg dat die lengte van die werksdag en werkure gunstig vir die werkers is.
- Om bestuursbesluite wat die lede mag raak, gunstig te beïnvloed.

Enige 2 x (2) = [4]
[25]

11.2 PRODUKTIWITEIT EN WERKLOOSHEID

11.2.1 WAAR of ONWAAR

11.2.1.1	Onwaar	(2)
11.2.1.2	Waar	(2)
11.2.1.3	Onwaar	(2)

3 x 2 = (6)

11.2.2 Bespreek DRIE maatreëls om werkloosheid te bestry.

- Ekonomiese groei
 - Politieke en sosiale stabiliteit is belangrik.
 - Meer kapitaalinvestering sal werk skep.
 - Die skepping van meer werksgeleenthede.
- Werk skepping
 - Die owerheid moet die kleinsakesektor bevorder.
 - Dit moet gerig wees op arbeidsintensiewe projekte.
- Onderwys en opleiding
 - Die verbetering van die vaardigheidsvlakke van werkloos is een van die sekerste maniere om strukturele werkloosheid te bestry.
- Bevolkingsbeleid
 - 'n Oordeelkundige bevolkingsbeleid kan oor die langtermyn die werkloosheidsprobleem oplos.
 - Doel: minder kinders, maar wat beter toegerus en vaardig is en 'n hoër lewenskwaliteit geniet.
- Spesiale werkskeppingsprogramme
 - Het sedert 1983 reeds 'n groot aantal werkloos opgelei en hulle in staat gestel om werk te bekom.
- Toepaslike tegnologie
 - Daar moet minder staat gemaak word op ingevoerde tegnologie wat gewoonlik kapitaalintensief is.
 - S.A het tegnologie nodig wat volgens die behoeftes van die land ontwikkel word.
- Werkloosheidsversekering
 - Bied uitkoms vir sekere werklose groepe, maar oorweging moet geskenk word om dit verder uit te brei en 'n sterker meganisme in te bou om persone op te lei.
- Informele sektor
 - Die informele sektor voorsien 'n groot deel van die bevolking van werk.
 - 'n Strategie om die informele sektor te ondersteun, as 'n maatreël om werkloosheid te bestry, kan oorweeg word.
- Inwaartse industrialisasie
 - Inwaartse industrialisasie is 'n proses waardeur die vraag na plaaslik vervaardigde goedere a.g.v 'n aantal faktore wat in verstedelike ontwikkelende gemeenskappe aanwesig is, toeneem.
 - Dit veroorsaak 'n vraag na basiese verbruikersgoedere wat op 'n arbeidsintensiewe wyse geproduseer kan word.
 - Dit vereis ook 'n relatief laer vaardigheidsvlak sodat werksgeleenthede baie gou en op groot skaal geskep kan word.

➤ Behuising

- Die konstruksiebedryf kan die meeste werksgeleenthede skep.
- Selfbouskemas kan aan werkloses 'n eie woning gee en die vaardighede wat hulle opdoen kan vir 'n werksgeleentheid sorg. Enige $3 \times (2+1+1) = 12$

11.2.3 Definieer die konsep produktiwiteit.

Die verhouding insette (produksiefaktore) tot uitsette (goedere en dienste).(3)

11.2.4 Verduidelik die misverstand "produktiwiteit is gelyk harde werk".

- Hoër produktiwiteit word nie noodwendig verkry deur harder te werk en sodoende uitsette te verhoog nie, maar deur beter te werk. (2)
- Bv. beter kombinasie van insette, beter leiding en bestuur, ens. (2)

[25]

11.3 INFLASIE

11.3.1 WAAR of ONWAAR

11.3.1.1 Waar (2)

11.3.1.2 Onwaar (2)

11.3.1.3 Waar (2)

$3 \times 2 = (6)$

11.3.2 Bespreek Vyf gevolge van inflasie

- Daling in die reële waarde van spaargeld
Wanneer inflasie styg en die koopkrag van geld afneem, daal die reële waarde van spaargeld. Die bring mee dat die persoon wat spaar aan die einde van die spaartydperk slegter af kan wees, na gelang van die rentekoers.
- Daling in die reële waarde van geld
Mense word nie aangemoedig om geld in likiede vorm te hou nie. Hulle belê hul geld in vaste bates (bv. eiendom), waarvan die reële waarde konstant bly.
Beleggings word van die geld- en kapitaalmarkte weggeneem, waar hulle gebruik kon gewees het om uitbreiding van ander besighede te finansier.
- Ontvanger van Inkomste
Dit is tot die Ontvanger se voordeel indien belastingbetalers se salarisse verhoog word om met inflasie tred te hou, omdat dit hulle in 'n hoër belastingkategorie plaas waar hulle meer belasting moet betaal.
Besighede wat groter winste maak, betaal ook op hierdie verhoogde inkomstebelasting.
- Debiteure en krediteure
'n Tydperk van inflasie bevoordeel debiteure en benadeel krediteure. Die oorspronklike skuld is aangegaan toe geld 'n groter reële waarde gehad het (meer koopkrag).
- Inflasie benadeel die geldeenheid as maatstaf van waarde
Die geldeenheid verloor sy waarde en die koopkrag daal, wat 'n gebrek aan vertroue en stabiliteit meebring.
- Die distribusie van inkomste en welvaart
Mense wie se inkomste stadiger groei as die inflasiekoers (bv. pensioenarisse en mense wat van vaste inkomste rente afhanklik is) word benadeel omdat hul reële waarde afneem.

- (vii) Entrepreneurs word bevoordeel
 Sakelui kan prysverhogings na die verbruiker deurgee deur die koste van goedere en dienste te verhoog.

$$5 \times (2+1) = 15$$

11.3.4 Gee TWEE fiskale maatreëls om inflasie te beheer.

- Die ontmoediging van verbruikersvraag. (2)
 - Die verhoging van indirekte belasting, bv. BTW, doeane- en aksynsbelasting.
 - Die verhoging van 'n leningsheffing. (2)
 - Die uitstel, vermindering of kansellering van regeringsprojekte. (2)
 - 'n Bobelasting op ingevoerde goedere kan verhoog word, sodat minder ingevoerde goedere gekoop word. (2)
 - Aanbodkant ekonomie: Vermindering van direkte belasting. Enige 2 x (2) = [4]
- [25]

11.4 STRATEGIESE HULPBRONNE IN SUID-AFRIKA

11.4.1 WAAR of ONWAAR

- | | | |
|----------|--------|-----|
| 11.4.1.1 | Waar | (2) |
| 11.4.1.2 | Waar | (2) |
| 11.4.1.3 | Onwaar | (2) |

$$3 \times 2 = [6]$$

11.4.2 Bespreek die volgende TWEE bronne van energie:

- (a) Steenkool
- Die vernaamste verskaffer van energie en voorsien in $\pm 83\%$ van S.A se energiebehoefte.
 - Word deur SASOL gebruik om olie te verskaf en deur huishoudings en industrieë vir elektrisiteit.
 - S.A is 'n groot uitvoerder van steenkool. (2)
- (b) Natuurlike gas
- Gebruik deur huishoudings en fabrieke. (2)
 - S.A het natuurlike gasvelde by Mosselbaai – gelei na die stigting van Mossgas in 1980. 2 x (2) = (4)

11.4.3 Bespreek VYF redes vir die bewaring van water (Landbou en besproeiing uitgesluit)

- (i) Mynbou ontwikkeling
 Water is noodsaaklik vir die ontwikkeling van die mynbedryf. Mynbou verskaf werksgeleenthede en speel in belangrike rol in die ekonomiese groei van die land.
- (ii) Nywerheidsontwikkeling
 Landbouontwikkeling lei tot die groei van direkte en indirekte nywerhede. Nywerheidsontwikkeling is belangrik vir ekonomiese groei en verhoog werksgeleenthede.
 Waterskemas het gelei tot die ontwikkeling van en desentralisasie van nywerhede in Suid-Afrika.
- (iii) Hidro-elektriese krag
 Die ontwikkeling van hidro-elektriese krag is nie die enigste rede vir die bou van damme nie. Dit is egter die goedkoopste manier om elektrisiteit te verskaf, veral in streke waar dit moeilik of duur is om steenkool te bekom en dit beveg besoedeling.

- (iv) **Vloedbeheer**
Damme en studamme voorkom nie net dat vrugbare grond wegspoel nie, maar behou kosbare water wat andersins ongebruik na die see sou vloei.
 - (v) **Ontspanningsfasiliteite**
Damme het gelei tot die ontwikkeling van toeriste ontspanningsoorde en natuurreservate. Dien ook as inkomste vir die land.
 - (vi) **Voorsiening van openbare dienste**
Water moet voorsien word aan hospitale, skole en ander staatsinstansies.
- 5 x (1 + 2) = (15)**
[50]
- TOTAAL = 400**